E-pos: admin@jochristaldramaskool.co.za
(Algemene navrae)
E-pos: finansies@jochristal.co.za
(Finansiële navrae)
Webtuiste: www.jochristaldramaskool.co.za
Skakel of Whatsapp: **076 906 1232**

Januarie 2020

Geagte Ouer/Voog

Baie welkom aan al die nuwe leerders wat hierdie jaar deel van die pret, opwinding en heerlike program van die *Jo Christal Dramaskool* gaan wees. 'n Spesiale welkom terug ook aan die leerders wat al 'n lang pad saam met ons stap. Ons sien baie uit na al die vakansiestories en blink ogies.

Baie welkom ook aan u as ouer wat hierdie jaar weer heerlike vermaak van die kinders kan verwag. Ons vertrou dat u die volgende inligting noukeurig gaan deurlees om te verseker dat u kind elke klas ongeïnhibeerd en passievol kan geniet.

1. Klasse

Na nege en twintig jaar se ondervinding is ek 100% daarvan oortuig dat Drama een van die beste mediums is waar kinders veilig en entoesiasties voel om hulself te ontdek terwyl elkeen hul potensiaal op hul eie manier identifiseer en ten volle uitleef. Drama is ook 'n medium wat van onskatbare waarde vir die ontwikkeling van die kind se emosionele intelligensie is. Laasgenoemde word beskou as boublokke vir selfbeeldontwikkeling en selfvertroue wat tot 'n onbreekbare selfbeeld lei.

Groepsklasse van ongeveer een uur word weekliks by die skool van die betrokke leerder aangebied. Leerlinge moet die klasse asseblief in gemaklike klere bywoon aangesien die klasse baie beweging vereis en ons nogal gereeld met die vloer kennis maak.

Klasse word nooit gekanselleer of afgestel behalwe gedurende vakansies, vakansiedae en op die volgende vooruitbepaalde datums:

- **Week van 27 tot 31 Julie (Weens produskieweek. Ons sien leerder by die produskie.)**
- **Week van 7 – 11 September (Weens Jo Christal Kunstefees. Geen onderwysers beskikbaar vir klasse in hierdie week nie.)**

3. Registrasievorm:

Dit is regtig baie belangrik dat elke leerling (oud en nuut) 'n voltooide registrasievorm moet inhandig. Leerders gaan na die tweede week van klas nie toegelaat word indien die vorm nie voltooi en ontvang is nie. Dit geld ook vir leerders wat al lank by ons betrokke is. *Maak asseblief seker ons het die korrekte e-posadres aangesien ons maandeliks vir u 'n staat per e-pos aanstuur.*

REGISTRASIEVORMS KAN OP DIE VOLGENDE MANIERE VOLTOOI EN INGESTUUR WORD:

1.
Voltooi aangehegde vorm en stuur saam met leerder terug klas toe.

2.
Voltooi vorm ELEKTRONIES op ons webtuiste by www.jochristaldramaskool.co.za/vorms-inskrywings

2. Klasgelde en Fooie:

Registrasiefooi per kind: **R100 (Betaalbaar met eerste betaling van die jaar.)**
Maandelikse Klasgeld: **R280 per maand vir een kind**
R540 per maand vir twee kinders
R780 per maand vir drie kinders.

Maadlikse klasgeld is 'n vasgestelde bedrag wat u elke maand betaal. Die betaling geld ook vir maande wat grotendeels uit vakansiedae bestaan. Die bedrag is juis so bepaal dat dit vir u bekostigbaar is. U moet dus nie voel dat u vakansietye ingedoen word nie. Klasgelde word tot November vereffen, wanneer ons sluit vir die jaar.

Klasgelde moet asseblief aan die BEGIN VAN ELKE MAAND betaal word, maar u is welkom om finansies@jochristal.co.za te e-pos indien u ander reëlings wil tref.

Rekeninginligting en bankbesonderhede volg op 'n aparte bladsy.

Produksiedatums:

27 Julie – 01 Augustus 2020 ***(Leerders gaan slegs op twee van hierdie datums optree)***
26 - 31 Oktober 2020 ***(Leerders gaan slegs op twee van hierdie datums optree)***

Ons sal meer inligting hieroor later aan u deurgee. Hierdie datums is ook reeds op die jaarprogram. Dagboek asb alreeds hierdie datums met prioriteit. Alle leerders neem deel aan produksies.

Produksiefooi (Einde Junie 2020 betaalbaar): R200 per leerder vir die jaar.

5. Kommunikasie:

Dit is vir ons baie belangrik om met ons ouers effektief, spoedig en gemaklik te kommunikeer. Daarom gebruik ons WHATSAPP as 'n primêre kommunikasiekanaal. Dit laat ons toe om briewe, boodskappe en inligting gemaklik en spoedig aan al die ouers te stuur. Alle ouers wie se kinders by ons ingeskryf is, sal by 'n Whatsappgroep gevoeg word sodat ons deur die jaar daarop met u kan kommunikeer.

Ons nooi u ook uit om ons 'Facebook page' ***(Jo Christal Dramaskool)*** **te 'like' sodat u ook op dié manier op hoogte kan bly van wat in die klasse plaasvind. Ons gaan ook gereeld foto's plaas om hoogtepunte in die klasse vas te vang.**

6. Kunswedstryde en Redenaars:

U gaan binnekort 'n inligtingsbrief ontvang ten opsigte van kunswedstydinskrywings, deelname en afrigting, asook 'n redenaarswerkswinkel. Let asb daarop dat hierdie nie deel van normale weeklikse klasse vorm nie. Alle inligitng sal op hierdie brief verskyn.

Baie dankie vir die vertroue wat u in ons stel om 'n bydrae te lewer tot 'n groot en belangrike deel van u kind se ontwikkeling.

Dramagroete,
Die JC Dramaspan
(Sanette, Tiaan en Lian)

Ouer-Inligtingsoggend:

Ons nooi u graag uit na die Ouer-Inligtingsoggend op Sat, 8 Feb by Hoërskool Wonderboom waar al hierdie inligitng en nog meer gaan bespreek en verduidelik word.